

O E S T Y D

4de kwartaal 2015

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-belofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou. Bydraes kan ook elektronies inbetaal word in die Sendingrekening – ABSA Bank, Rek nr 4049133874.

Diensgetuënis bied aan:

“Gestuur...”-Sendingfees 2016

So	21 Februarie	09:00:	Johan Naude (Laudium-uitreike)
So	21 Februarie	18:00:	Allen van der Merwe (Mosambieksending)
Ma	22 Februarie	18:30:	Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”
Di	23 Februarie	18:30:	Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”
Wo	24 Februarie	18:30:	Diensgetuënis: Getuënistoeërusting aangaande “Gestuur...”
Vr	26 Februarie	18:30:	Sendingete met Hannes Peens (Limpopo VGK)
So	28 Februarie	09:00:	Morné Ras (Geopende Deure) Geloofsofferbelofte word opgeneem
So	28 Februarie	18:00:	Leon Tait (Sending Sonder Grense)

GELOOFSOFFER-BELOFTE

DANKIE VIR ELKEEN WAT REEDS GEE, EN VIR ELKEEN WAT NOG BESIN EN BID DAAROO - òf hulle moet gee en hoeveel hulle moet gee

GELOOFSOFFERBELOFTE - WAT IS DIT?

- † Ekstra fondse vir wêreldevangelisasie, sonder om gemeente se *dankoffers* te beïnvloed;
- † 'n Ekstra offer bo en behalwe jou gewone dankoffer;
- † Geloofsoffer-belofte is geld wat lidmate, biddend en in afhanklikheid van God en in vertroue op Hom alleen, vooraf belowe vir wêreldsending;
- † Persoonlike verbintenis aan God alleen – dis tussen jou en die Here hoeveel jy gee;
- † Geloofsvertroue en Geloofsgehoorsaamheid aan God. Dit help gelowiges om te groei in hul geloof en vertroue op God.

3 Joh:6 "... help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag, want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie."

3 Joh:8 "Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid."

WAT 'N GELOOFSOFFERBELOFTE NIE IS NIE!

- 'n Truuk of foefie
- Emosionele armdraai
- 'n Verbintenis aan mense
- 'n Kontantkollekte (geld wat jy reeds het nie)

Hoe word dit bestuur?

- Dis 'n saak net tussen jou en die Here
- Niemand gaan jou ooit persoonlik daarna kom vra nie
- Jy onderneem om dit self by die kerk in te betaal (gebruik Geloofsofferkoevertjies asseblief – dis by kerkdeure en MI-toonbank beskikbaar)

Hoe die Here sulke Geloofsofferbeloftes kan voorsien? Deur

- 'n Onverwagse geskenk.
- 'n Toename in inkomste.
- Beter rentmeesterskap.

Nuusbrief – 4 Oktober 2015:

My hart juig en jubel - verlede Saterdag het Saran, Theary en ek saam gaan uit eet. Saran sê toe hy het goeie nuus en lyk heel opgewonde. Hy sê toe dat Theary Christus aangeneem het - ek is so bly saam met hom. Hulle bly nou in 'n village waar hy die enigste Christen was - nou is hulle 2. Hy sê hy is nou haar teacher. Sy het rustig vir ons gekyk met 'n groot glimlag en toe sê hy 'Teacher jy gaan nou 'n spiritual kleinkind kry Theary is swanger'. Ek het nooit eers daaraan gedink dat hy na my kyk as sy spiritual ouer nie. Hy is baie gelukkig by YWAM. Loof die Here saam met my

Dit is amazing hoe God Sy werk doen in die middel en ten spyte van dinge wat draai en woel om ons. Een 'genade gawe'/vermoeë wat God my gegee het is om te bly glo in mense wat lyk asof hulle oor en oor val, selfs wanneer ander opgegee het - dit beteken nie pasiwiteit in my liefde nie. Hulle staan op en behaal oorwinning deur Christus se genade - dit is die wonder van God se werking wat ek soos 'n treasure in my hand hou en aan my hart vasknoop.

KAMBODJA

Na al die jare is dit nog steeds vir my lekker om die ontwikkeling in Kambodja te sien en gee die kleinste dingetjies my Aaahhh oomblike - ons verkeersligte kry nou voetgangers tekens/signs by en ons polisie leer nou by Australia se manne hoe om misdaad areas af te baken. So tussen al die groot nuwe geboue gebeur die dinge amper ongesiens,

'BABELSE GEBRABBEL'

Ek bly so tussen die tale verwaring - gaan nou na 'n Presbyterian kerk; het Bybelskool (Myanmar, Chinese, Vietnamese, Thai en Khmer.) , die Ds is 'n Koreaan en ek kan nie sy Engels verstaan nie, gelukkig is daar 'n Khmer vertaler en kan ek mooi verstaan wat die Ds wil deurgee. Die sangboek wat ek kry is Koreaans en Engels en op die projector skerm is dit Khmer en Engels..... Die eerste keer toe ek so wegry met my motorfiets hoor ek die Ds vra die Khmer of my Khmer goed is, hulle antwoord uitstekend, hy sê toe iets dat ek kan vertaal wel toe ek so weg ry dog ek hier kom 'n ding ... gelukkig leer ek in my studies van boundaries stel :-).

Angdong Ta Een bediening Hoofsaaklik voedingskema en evangelisasie

Die maand was daar dr's vanaf Singapore wat ingekom het en verniet behandel het . Met so hier en daar se las kon ons twee TukTuks huur om van die grannies stad toe te bring vir goeie ondersoek en medisyne. Hulle het toe ook van hulle kleinkinders saam gevat en op die ou end was daar 15 mense in elke TukTuk - was glo baie gelag en fun. Mediese diens klink my was ook baie goed. :-)

Dit was ook spesiaal dal Ethel die maand haar verjaarsdag tussen die oumas wou spandeer en vir hulle vrugte en Soya melk gekoop het.

Dit gaan nie goed met granny Khon nie. Die kanker eet haar lyfie en sy kan feitlik niks meer inneem nie. Bid asb vir haar en die projek.

PREK PCOAM

Sok - voeding skema en 'skool bystand fonds'

Die veel nuus hier nie ek sukkel om van Sok terug voer te kry met die dat ons mekaar ook nou dikwels slegs een keer 'n maand sien. Goeie nuus is dat hy oupa gaan word hy is baie opgewonde daaroor. Dit klink asof die polisie nou baie probleme gee as uitlanders na sy village toe gaan. Dit klink asof die

nuwe wette nie in al die plekke op dieselfde maniere toegepas word nie. Bid asb vir hom en die projek

AHIS (Asian Hope International School)

Ek is nou al 2 maande by die skool en ek geniet regtig die interaksie met al die jong onderwysers - baie dinge word gedeel en baie gelag.

Daar is 'n seuntjie met autisme hy hou daarvan om styf by my te kom staan my naam kaart luid te lees 'Mr's Alta'. As ek dit op my lessenaar het sal hy dit optel en oor my kop sit sodat dit om my nek hang. Dit was so lekker nou die dag toe hy kom en my 'n stywe drukkie gee. .

So gaan dit net goed? Nie altyd nie. Ek het baie frustrasie ervaar en wou net weghardloop totdat ek die week besef het dat my uitgebreide verpleeg opleiding maak dat ek ervaar ek is in die verkeerd plek, die verkeerde fit vir die posisie en daarom ook vir die skool die verkeerde fit.

Die feit dat ek gekwalifiseer is om pasiente te mag ondersoek veroorsaak vrees in veral die een prinsipaal dat ek soort van 'n kliniek wil begin in die skool - wat glad nie my begeerte is nie maar dat ek begeer net graag die basiese benodighede. Ek voel soms so

magteloos, gerustreerd en of my hande afgekap is. Die ouers het die reg om te doen wat hulle wil. Goed wat gebeur is vir my eties medies verkeerd - my fightery, trane en frustrasie het tog positiewe uitkoms - ek tel heelwat goed op en dit lei tot nuwe protocols wat geskryf word deur die leierskap en so word daar dan probeer verhoed dat dit weer in die toekoms gebeur. Dalk is dit my rol vir die skool vir nou en moet ek vrede maak met al die admin vir nou. **Bid asb vir my**

Ek het Saterdag met 'n berader gaan gesels en sy het ook gesê die 'fit' is verkeerd vir my en die skool. Toe ek van haar af weg ry het ongelooflike vrede en rustigheid my menswees omvou met die besef dat God in beheer is en Hy sal die pad vorentoe wys soos wat Hy nog altyd gedoen het.

Ek deel Vrydag in die assembly en ook volgende maand - ek wil die verhaal van David en Methibosheth met die kinders deel - God se liefde en genade - hoe Hy oor elkeen van ons voel - Bid asb vir my.

Die ander ding wat nogal moeilik is is dat ek met die voldag posisie nie regtig by Khmer vriende uitkom met wie ek nou al lankal 'n pad saam loop. 'n Vriendin se pa is oorlede - niemand wil my pla nie omdat ek nou voltyds by

skool is. Ek loop al so lank 'n pad saam met hulle. Net een van die familie het Christus aan geneem. Terwyl ek in hulle huis gebly het het die een dogter Danny eendag ewe skielik epilepsie aanvalle gehad. Almal het in die straat rond gehardloop ek het rustig by haar gaan sit haar op haar sy gedraai en net gebid. Die aanvalle het opgeou en sy het nooit weer gehad nie - die ma het dit gesien en agterna vir my gesê dit was my gebede. Toe ek by die begrafnins aankom het Danny my vas gegryp en begin huil - my toe aan my hand na die foto by die kis gelei en gesê kom sê baai vir my pa hy het ons nou gelos Ek mis dit ongelooflik dat ek nie meer net wanneer mense my nodig het by hulle kan gaan sit of as hulle bel onmiddelik kan gaan nie.

My vriendinnetjie was erg hartseer dat sy nie kon weg kom van die Boedistiese deel van die begrafnis nie - haar sielestryd was erg - sy het geskeur gevoel tussen haar respek vir haar ma, die knielery voor die monnike en haar Christen geloof. Ek kon haar net vashou en sê ek is lief vir haar en veroordeel haar nie - ek hoop om volgende week tydens die publieke vakansie dae by haar uit te kom. *Bid asb vir Thea en haar familie*

Dit gaan egter ongelooflik goed met my -elke frustrasies kry my net vir so een dag onder dan gaan ek weer voort tot die volgende hou weer kom. In die situasie leer God my om te onderwerp, versigtig te wees wat ek sê, wat ek wil deel / vra duidelik weer te gee ens ens Bid asb saam met my dat God duidelik die pad sal wys - of ek is waar ek moet wees en die geduld dat ek op Sy leiding sal wag. Ek het geen ander planne vir nou as om aan te gaan by die skool nie -Bid asb vir my/saam met my.

Nuusbrief – 28 Oktober 2015:

Hartseer dag

Vandag is somer net 'n hartseer dag - die verpleegkundige saam met wie ek werk het bors kanker gehad, dit is nou opgeklaar maar die kanker het n haar rugraat versprei. Sy is nog jonk met 4 dogters een nog baie klein.

Ek het vandag vir Angie vaarwel gaan sê - hulle vertrek feitlik onmiddelik terug na die USA. As familie kry hulle baie swaar, die kinders moes onmiddelik die skool verlaat en pak om terug te gaan.... dit gaan woes in hulle huis wat hulle binne paar dae moet oppak en alles weg maak. Bid asb vir Angie en Ryan en kinders - hulle vlieg die 3de.

Sy was ook my ondersteunings pilaar wanneer ek gesukkel het onder 'n micro manager wat in absoluut alles in beheer wil wees. Vir amper 20jr was ek soort van die 'baas' - die lewenslesse is nie altyd lekker nie maar ek groei en is dankbaar daarvoor (Soms dink ek Alta jy is stupid, jy is 'n ou vrou wat moet aftree - waarom nog studeer, waarom nog wil groei deur die skaaf van moeilike mense en situasie maar dan kom die besef dit is wie ek is - en ek bid weer vir 'n jaar van oorwinning en groei)

Swaar besluite

Gedurende my lewensjare moes ek al baie swaar en moeilike besluite neem en daar is 'n groot moontlikheid dat ek baie binnekort dit weer sal moet doen - Bid asb vir my. Ek is hartseer maar soos altyd kan ek net doen wat ek glo reg is en kan selfs my liefde en omgee vir mense dit nie verander nie. Eendag gaan ek voor my Vader staan en rekenskap gee vir dit wat ek glo reg is en my aksies rondom dit. (Niks te doen met bediening hier in Kambodja nie)

Vandag mis ek julle en wens so ek kon saam met elkeen van julle 'n koppietjie koffie gaan drink en somer net gesels

Seenwense en liefde

Nuusbrief: Augustus 2015

Oppad na die naaldwelk klas wat ek by die kerk aanbied so 27km van ons huis af, ry ek verby mens en dier wat se lewens skree van armoede en swaarkry. Ook ry ek verby `n trop Boerbokke, waarvan die een ou ram op sy agterpote gaan staan en pronk en met die dat hy sy voorpote sak draai hy om na die klein bokkie wat sekerlik die vorige nag gebore is, en besef ek daar is trots tot in die diereryk. Dit het my net weer laat dink aan ons mensdom wat soms ons trots toelaat om tussen ons en God te kom staan, deur ons denkwyse en ons doen en late. Dan kan ek maar net skuldig staan, wat soms te trots is om uit te reik na `n arm minderbevoorregte persoon, want sal die mense wat my ken dink as ek nou in die teenwoordigheid van so `n mens gesien word! Is dit nie waar Jesus was nie? Tussen die dronkaards, armes en stukkende mense, soveel meer het ek nog om te leer van hoe om Jesus lewe!

Ons het gelukkig voor die erge koue terug gekeer, ons bakkie se voor-diff het opgepak en moes ons dit laat regmaak in SA, sonder 4x4 kon ons nie in diep sand ry nie, en dit het veroorsaak dat ons die Binheni gemeenskap nie kon besoek nie. Allen het met die eerste geleendheid saam met pastor Simbane huisbesoek gedoen en die mense bedien met woord en gebed.

Die radio projek gaan goed. Pastor Pedro vertel ons van mense wat te oud is om te

loop na kerkies toe en bly is oor die program, want nou kan hulle na die radio uitsendings luister, wat ook vir hulle geestelik dra. Volgens van die luisteraars is daar nie nog so program wat hulle so baie leer van die Bybel nie. Ons is so dankbaar vir die radio projek, ek wil net weer van die geleendheid gebruik maak om dankie te se vir elke bydrae daarvoor. Bid saam met ons dat meer en meer mense se harte aangeraak sal word deur die uitsendings.

Die inspeksie op Mechaq se motorfiets is nou gedoen, maar hulle draai verksrikk lank in Maputo om die goedkeuring te gee sodat ons dit kan registreer, hierdie motorfiets is byna `n jaar gelede al uit Suid Afrika af in gebring Mosambiek toe. Mechaq het ook nog nie `n motorfiets lisensie nie en kan nie die motorfiets ontvang voordat hy nie vir ons sy lisensie kan toon nie, as registrasie tyd aanbreek sal ons dit dan op Allen se naam moet registreer, wat hom met kostes gaan laat om dit oor te dra na sy naam toe. Hopenlik daag jy op met sy lisensie voor die registreer plaasvind.

Ek het met my liefde vir honde, al `n paar stief honde kinders wat ek versorg hier in ons omgewing. Omdat ek sensitief is en uitkyk vir hulle, het ek eendag `n hond gesien wat verskriklik lyk en baie swaarkry. Ek het die eenaar gaan soek, en uitgevind dat die dier al in Desember deur `n voertuig getrap was, ek het aan hulle verduidelik dat dit vir hom baie swaar is en na ons saam besluit het, het ek die veearts gevra om hom uit te sit. Dit was verskriklik moeilik en vir `n paar dae

was ek nie myself nie, maar na `n volgende besoek aan die mense se ander honde, sou ek en Allen uitvind hulle is moslems en daar gaan vir ons `n deur oop om met hulle die evangelie te deel. Bid saam met ons dat die Here ons die regte leiding sal gee en dat Hy hulle sal bereik deur ons woord en daad.

Op `n ander geleentheid kon ek `n onderwyseres ontmoet, wat vir ons `n oop deur gegee het na `n skool in Xai Xai, waar ons uitreikspan nou in Oktober hulle gaan besoek, en hopenlik ons in die toekoms weer daar sal kan besoek afle. Die vorige jaar het ons geen toegang tot enige skole in Xai Xai kon kry nie.

Bid asseblief saam met ons vir ons kleindogter sy is nou 16 en het `n ernstige kolon siekte, sy verloor geweldig baie bloed en moes in 2 maande 9 pinte bloed ontvang, sy is baie swak en eet baie sleg. Hulle het `n Colonoscopy gedoen en wag tans vir die uitslae. Intussen kan sy nie skoolgaan nie. Ons bid dat die Here haar sal aanraak en genees.

E-pos: 19 Oktober 2015

Ons stuur gemeente het kom kuier met `n uitreikspan. Dit was `n vol en lekker tydjie saam met hulle gewees, die mense in die gemeenskap het dit werklik waardeer. Ek (Ansie) het tans Malaria, ook drie lede van die uitreikspan is in SA in `n hospitaal opgeneem met Malaria. Ons bid dat hulle vinnig sal herstel.

Met die radio projek gaan dit goed, pastor Pedro vertel ons daar is mense van `n naburige dorpie Cushico, wat via Xai Xai radio stasie met hom kontak gemaak het.

Hulle getuienis was `n riem onder die hart en het soveel beteken vir ons. Soms voel dit of mens werk teen `n muur vas werk, maar met getuienisse en dankbaarheid uit die gemeenskap, besef ons net dat die Here steeds aan die werk is.

Pastor Johao van die IRM (NG kerk) naby Manjekazi was vir twee weke by die Buzi rivier besig om opleiding te gee met die DMP (disciple making program). Allen het dit aan hom oorgedra en nadat hy sy eerste boek deurgewerk het, het hy dit aan die groep van 40 mense by `n konferensie in die Noorde gaan bekend stel, hulle het deur die boek "Sermon of the Mount" (Berg predikasie) gewerk. Die materiaal is baie eenvoudig en verstaanbaar, ons beleef baie sukses daarmee.

Mesaq se motorfiets se goedkeuring om in te voer is nou uiteindelik afgehandel. Nou wag ons vir die registrasie, wat reeds `n maand al hang, omdat hulle sisteem hier af is. Intussen het ons al 43 000 mets(R13 000) betaal op die hele storie en nog geen kwitansies in die hand nie! (scarry!)

Afrika maak soms ons baterye pap!

Ons moet nou twee hand of trap naaldwerkmasjiene aankoop, die dames wat Donderdae van Macia af hier klas loop, is nou op `n punt dat hulle op hul eie kan voortgaan. Ek (Ansie) het hulle met elektriese masjiene opleiding gegee, hulle kan nie werk masjiene bekostig nie en waar hulle woon is daar nie elektrisiteit nie. Daar is nou vier vroue wat hulle self kan help met klere maak en ook vir hulle `n inkomste daaruit genireer. Hulle het geleer om rokke van patrone af te maak,

meer vir hulle eie gebruik en dan ook sakke en hoedjies om `n besigheidjie mee te begin.

Ons kleindogter is steeds siek die diagnose is "Severe Ulcerative colitis" Dit is eintlik `n siekte wat mens later in jou lewe meer vatbaar is voor, sy is baie te jonk vir die tipe siekte en moet nou op permanent medikasie bly. Die dokter reken sy sal tussen haar 30 en 40 jarige ouderdom haar dikderm moet laat verwyder. Ons bid steeds vir `n wonderwerk.

Dankie ook vir jou gebede, dit dra ons elke dag hier in die sendingveld.

E-pos: 9 November 2015

Kersfees is om die draai en ons kan nie glo dat hierdie jaar ook alweer na `n einde se kant toe staan nie!

Eerstens jammer vir die gemeentes wat ons as gevolg van omstandighede nie besoek het hierdie jaar nie, ons beplan om vroeg in 2016 ons besoekke af te handel, ingeval ons nie weer so `n besige jaar beleef.

Allen was weer plat met malaria, sy immunstelsel sukkel maar om op te tel na elke aanval en dit maak hom net meer en vinniger vatbaar vir malaria. Ons Prys die Here dat Hy hom elke keer genees. Vandat ons in Mosambiek ingekom het, kan ons nie meer tel hoeveel keer hy dit al gehad het nie.

Mechaq se motorfiets is uiteindelik geregistreer, Allen moet dit nou oordra op sy naam en dan is die motorfiets

uitgesorteer, kan mens glo dit het `n volle jaar geneem! Nou wonder ons hoe lank die registrasie op sy naam gaan neem?, hopenlik nie nog `n jaar nie.

Met ons projekte gaan dit goed, die radio projek is nog vol aan die gang, ongeag die finansies, die Here voorsien nog gereeld en ons is dankbaar. Die uitsendings is steeds drie per week waarvan een heeltemal gratis is. Ons hoor elke nou en dan hoe dit die mense in die gemeenskap aanraak. Bid saam met ons in dankbaarheid vir die geleentheid om te sien hoe die Here die kanaal gebruik, en dat die mense se oe en ore sal oopgaan vir God se woord.

`n Skenking is gemaak vir twee handwerkmasjiene vir die vrouens in Macia, hulle loop klas by my al vir `n rukkie en het geen elektrisiteit waar hulle woon nie, en so het die Here weer voorsien vir hulle. Ons gee die masjiene aan pastor Oswalso se vrou Natalia en dan kan sy verder opleiding aan die ander vrouens gee, wat ook graag wil naaldwerk doen. Ons dank die Here dat Hy altyd so getrou is.

Sondagskool is maar Sondagskool. Ek kon nie die vorige twee Sondae die klassies bywoon nie, en Maandag oggend daag die pastor op voor ons deur, en wil weet waar ek was, want die kindertjies het gewag vir my. Dit is altyd vir my so mooi om te sien hoe opgewonde hulle kan raak as ons Sondagskool klassie het, ek doen die boek Speel Speel na God met hulle waar hulle allerhande handvaardighede doen terwyl hulle leer. Allen doen ook `n dissipelskap kursus by dieselfde kerkie terwyl ek met die kinders werk.

Ons kleindogter wat gediagnoseer is met "Severe Ulcerative colitis" is beter, maar gaan nog 'n lang pad moet stap tot volle genesing. En intussen het haar sussie wat

net ouer as sy is Bells sindroom gekry. Bid saam met ons vir hulle vinnige herstel.

Groete uit 'n warm Mosambiek, mag die Here U dra en sien.

Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid. Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir arm kinders/families te werf.

Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.

Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen, spesifiek ten opsigte van die OPERASIE KERSLIEFDE (OKL)-projek wat tydens Desember en Januarie se koue wintermaande 'n groot verskil maak:

Die meeste van SSG se begunstigdes het skaars iets te ete vir Kersfees en 'n eenvoudige OKL-pakkie maak 'n verskil. Die kinders geniet die sjokolade en geskenke en die ouers is in staat om 'n lekker Kersete voor te berei. Op die ou

end is hulle almal dankbaar en gelukkig, want weer eens ervaar hulle God se liefde en genade teenoor hulle.

Sommige van die reaksies wat ons kry aangaande die Operasie Kersliefdepakkies is van onskatbare waarde:

Een van die begunstigdes ('n ma) skryf: "God weet altyd wat om vir ons te stuur, en wanneer. Ek het al die kos wat ek in die huis gehad het opgebruik en was bekommerd oor my kinders, maar nou kan ek ontspan as gevolg van God se perfekte tydsberekening. Daar is nie 'n dag wat ons nie iets het om te eet nie, want God voorsien getrou."

'n Pastoor van 'n plaaslike kerk in Roemenië: "Weereens kon ons reken op hierdie pragtige OKL-pakkies van Sending Sonder Grense wat ons in staat stel om die armes in ons omgewing te help. Dit laat hulle belangrik voel en hulle ervaar ook dat hulle nie deur die kerk vergeet word nie. Baie dankie en mag God julle beloon!"

Terugvoer van een van die families wat gehelp is: "Ons is 'n gesin van 8 en danksy die pakkies wat julle Kerstyd aan

ons gegee het, sal ons eers weer aan die begin van volgende jaar nodig hê om kos-inkopies te doen. Dankie!"

Die personeel van ons kantoor in Roemenië het die volgende geskryf: "Ons wil almal bedank wat as borge van die OKL pakkies optree. Julle sal nie weet hoeveel dit vir ons asook elke begunstigde in ons land beteken nie! God seën julle almal."

Vanaf ons Sending Sonder Grense-kantoor in Oekraïne is die volgende terugvoer oor die laaste Operasie Kersliefde-veldtog ontvang:

Sending Sonder Grense in Oekraïne het deelgeneem aan 'n evangelisasie-veldtog waartydens ondersteuning aan behoeftiges in Berdychiv (in die Zytomyr-provinsie wes van Kiev) gebied is. Die vrywilligers van die plaaslike kerk in hierdie gebied het 'n byeenkoms vir die mense wat deur hulle bedien word gehou

waar die Goeie Nuus met hulle gedeel is en Kersfees gevier is.

Een van Sending Sonder Grense se personeellede, pastoor Stanislav Boyko, het die voorreg gehad om te preek en hulle te vertel van die liefde wat God vir hulle het asook die hoop wat die Opstanding inhou.

150 mense het die geleentheid bygewoon, wat plaaslike gesinne in nood asook mense wat geliefdes tydens die oorlog in Oekraïne verloor het, ingesluit het. **Die 200 OKL pakkies wat hier uitgedeel is**, was 'n ware seën vir hulle in moeilike tye.

In die woorde van een van ons personeellede in Oekraïne: "Ons wil graag al die borge wat die OKL-veldtog moontlik maak, bedank. **Dankie dat julle nie net met julle woorde Kersliefde uitdeel nie, maar ook met jul dade!** God seën julle almal.

e-Saaier (Bybelgenootskap van Suid-Afrika)

IsiXhosa boekies met vreugde ontvang
Stralende gesiggies en opwindende uitroepe is hoe die nuwe isiXhosa Doen en Leer boekies onlangs in die Baai ontvang is.

Dié Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies wat reeds in Afrikaans en Engels beskikbaar is, is op 8 September – Internasionale Geletterdheidsdag – by die Laerskool Setlaarspark in Walmer, Port Elizabeth amptelik bekendgestel.

Daar was omtrent groot opwinding toe die boekies oorhandig is aan die meer as 100 Graad R- en Graad 1-leerders wat nuuskierig na die kleurrike prentjies geloer en die stories onderlangs vir mekaar uitgewys het.

Die Bybelgenootskap se Uitvoerende Hoof, ds Dirk Gevers, het daarop gewys dat Bybelwerk en geletterdheid hand aan hand gaan.

"Dit is omdat Mary leer lees het, dat sy so

opgewonde was om die Bybel te lees en dit is hoe die Bybelgenootskap se werk begin het. As jy lees, neem dit jou na ander wêreld. Jy kan gesprekke voer met iemand in ander lande maar ook met iemand wat 100 of 200

jaar gelede geleef het," het hy gesê na aanleiding van die storie oor Mary Jones wat tot die stigting van die Bybelgenootskapbeweging gelei het.

Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy
Sending Sonder Grense
Koerde
Olive Shoot/Dana

Ds Leon Tait
082 601 4235

Ds Hannes Peens (Limpopo)

Stanwin Street
079 525 5695
Carl de Beer
083 443 9256

Mosambiek

Carl de Beer
083 443 9256

Gebedsketting
Laudium

Alet Briers
012-331 1311

Alta Glas

Koenie Goosen
084 652 8773
012 333 5325

Sendinggroete in Christus

Sending (as deel van die nuwe Diensgetuienisbediening)

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.
By voorbaat dank, Sending taakspan